16.4 RAPPORT 3 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – *SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE* (Artt 28, 29)

16.4 REPORT 3 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – *SOUTH AFRICAN COUNCIL OF CHURCHES* (Arts 28, 29)

A. Prof H Goede stel die Rapport.
Prof H Goede tables the Report.
B. Ds C Aucamp stel die Aanvullende Rapport.
Rev C Aucamp tables the Supplementary Report.
C. Die Rapporte word staande die Sinode afgehandel.
The Reports will be concluded during the Synod session.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke	**1. South African Council of Churches**
1.1 *Opdrag (Acta 2015:150, 1.3.1 en 1.3.2)*	1.1 *Mandate (Acta 2015:150, 1.3.1 and 1.3.2)*
1.1.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis.	1.1.1 The to be appointed Deputies must participate in the activities of the SACC via relevant inputs and testimony.
1.1.2 Die te benoeme Deputate moet Sinode 2018 adviseer oor die wenslikheid om die opdrag na Sinode 2018 voort te sit.	1.1.2 The to be appointed Deputies must advise Synod 2018 regarding the desirability to extend the mandate beyond Synod 2018.
1.2 *Vir kennisname*	1.2 *To be noted*
1.2.1 Die uitvoering van die opdrag is bemoeilik deur die feit dat die GKSA geen vorm van lidmaatskap van die SARK beklee nie (kyk Acta 2012:194, 1.7.1 en 1.7.2).	1.2.1 The execution of the mandate was hindered by the fact that the GKSA does not hold any form of membership within the SACC (see Acta 2012:194, 1.7.1 and 1.7.2).
1.2.2 Die Deputate was afhanklik van die SARK se eie mediaverklarings en algemene beriggewing in die media om die opdrag uit te voer.	1.2.2 The Deputies were dependent upon the SACC's own media statements and general media coverage to execute the mandate.
1.2.3 Deputate het in 2017 die driejaarlikse konferensie van die SARK sonder enige amptelike lidmaatskapstatus bygewoon, en hieroor sal aanvullend gerapporteer word.	1.2.3 Deputies attended the tri-annual conference of the SACC in 2017 without any official membership status, and this report will be supplemented in this regard.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.3 noted.**
1.3 *Vir besluitneming*	1.3 *To be decided*
1.3.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis as uitlewing van die GKSA se roeping om profeties aan ekumeniese liggame deel te neem.	1.3.1 The to be appointed Deputies must participate in the activities of the SACC via relevant inputs and testimony as expression of the GKSA's calling to participate prophetically in ecumenical bodies.
Besluit: Kennis geneem omdat die besluit geneem word ten opsigte van die aanbeveling van die Aanvullende Rapport (pt 1.2).	**Decision: Noted because the decision is made with regards to the proposal of the Supplementary Report (pt 1.2).**

E. **AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT**

1. SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (Rapport 3, 1)	**1. SOUTH AFRICAN COUNCIL OF CHURCHES** (Report 3, 1)
1.1 *Vir kennisname*	1.1 *To be noted*
1.1.1 Deputate het gedurende 2017 die drie-jaarlikse konferensie van die SARK bygewoon.	1.1.1 Deputies attended the tri-annual conference of the SACC during 2017.
1.1.2 Die Deputate het die geleentheid as positief beleef, veral wat die geleentheid tot profetiese getuienis betref.	1.1.2 The Deputies experienced the event as positive, especially with regard to the opportunity for prophetic witness.
1.1.3 Die SARK se organisasie maak tans weer voorsiening vir waarnemerstatus. Die GKSA het in die verlede waarnemerstatus gehad, en dit sal die werksaamhede van die Deputate vergemaklik indien weer hiervoor aansoek gedoen word.	1.1.3 The SACC's organisation currently makes provision for observer status. The GKSA held observer status in the past and it would simplify the task of the Deputies if it is applied for again.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.1.3 noted.**
1.2 *Vir besluitneming: Aanbeveling*	1.2 *To be decided: Recommendation*
1.2.1 Dat die Sinode besluit dat die GKSA aansoek om waarnemerstatus by die SARK doen.	1.2.1 That the Synod decides that the GKSA applies for observer status at the SACC.
1.2.2 Dat die te benoeme Deputate 'n mandaat ontvang om sodanige besluit uit te voer.	1.2.2 That the to be named Deputies receive a mandate to execute such a decision.
1.2.3 Dat vir die uitvoering van sodanige besluit begroot word, indien nodig.	1.2.3 That funds are budgeted for so execute such a decision, if necessary.
Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.3 goedgekeur.	**Decision: Points 1.2.1 to 1.2.3 approved.**